
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17**

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**
E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

DIE GENADE VAN GOD

Hierdie maand gaan ons gesels oor nog 'n uitstaande karakter van God, nl. SY GENADE of GOEDERTIERENHEID (Engels. MERCY) Volgens die Afrikaanse Verklarende Woordeboek, beteken barmhartigheid. GOEDERTIERENHEID beteken: genadig, barmhartig, lankmoedig. Volgens die Engelse Vines Woordeboek beteken dit: "simpatie gemanifesteer in aksie of optrede." M.a.w. die uiterlike manifestasie van medelye of deernis. Hieruit kan ons dus aflei dat medelye, 'n gevoel of emosie is van simpatie en deernis, (dis innerlik) en dat genade die OPTREDE is om in die behoefte wat ontstaan het te voorsien (dis uiterlike). Hierdie was presies Jesus se optrede toe Hy op aarde was. Hy het medelye en deernis gevoel vir die siekes en daarom het Hy hulle genees. Let op dat dit by God nie bly by gevoelens nie. Hy DOEN altyd iets vir ons. Hy raak betrokke by ons en help ons! Dit was Sy DEERNIS wat ons opgemerk het toe ons in ellende en sonde was, en uit GENADE het Hy Sy Seun gestuur om ons te red en te verlos en te genees. So sien ons dat dit by God nie bly by 'n gevoel nie. In ons sondige toestand is ons eintlik vir God weersinswekkend, nogtans KIES Hy om Sy deernis op ons uit te stort: Hy stuur Jesus Christus.

God is oorweldigend GENADIG en die Bybel bevat baie tekste oor hierdie karaktertrek van Hom. Kom ons let op net 'n paar daarvan. Psl. 86:5: Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en GROOT VAN GOEDERTIERENHEID (Engels: plenteous in 28 mercy) vir almal wat U aanroep.
Psl. 52:8: Maar ek sal wees soos 'n groen olyfboom in die huis van God, ek vertrou op die GOEDERTIERENHEID van God vir ewig en altyd.
Psl. 6:5: Keer terug, Here, red my siel, verlos my om u GOEDERTIERENHEID ontwil.
Psl. 103:8: Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot
van GOEDERTIERENHEID,
11. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is Sy GOEDERTIERENHEID oor die wat Hom vrees.
Ef. 2:4: Maar God, wat RYK IS IN BARMHARTIGHEID…
Let op in Psl. 52. 8 hierbó dat Dawid VERTROU het op die goedertierenheid van God – hy

het geloof gehad daarin. GOD SE GENADE IS 'n OPENBARING VAN GOD SE GEWILLIGHEID OM SY KRAG TERWILLE VAN ONS AAN TE WEND. God se genade is Sy bereidwilligheid om Sy Krag in werking te stel sodat in al ons behoeftes voorsien word. Maar, let op, al is God se Krag hoe geweldig groot, kan Sy krag my nie help as Hy nie GEWILLIG is om Sy krag terwille van my aan te wend nie. Wanneer Hy dus aan my en jou Sy genade bewys, bewys dit aan ons Dy gewilligheid om vir ons te voorsien en te onderneem. (Lees gerus hierdie paragrafie weer oor – daar lê 'n groot waarheid in opgesluit)
Markus 1.40 – 42: En daar kom 'n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U WIL, kan U my reinig. En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: EK WIL, word gereinig! En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is gereinig. Nou is dit so dat een van die grootste struikelblokke in die weg van mense (kerkmense) om van God te kry wat hulle nodig het, veral genesing, is hulle onsekerheid oor God se Wil. Hulle glo almal dat God KAN, maar WIL HY? Dit is nie geloof in God se krag wat Sy seëninge verseker nie, maar geloof in Sy genade: Sy bereidwilligheid om Sy krag terwille van die mens aan te wend.
Nou lees ons in Ef.1 19. …wat die uitnemende grootheid van Sy krag is VIR ONS WAT GLO, na die werking van die krag van Sy sterkte… Hier sien ons baie duidelik dat Sy krag VIR ONS is m.a.w. dis NA ONS gerig en nie weg van ons af nie. En dis omdat Sy krag VIR ONS gerig is, dat Jesus vir ewig Sy Wil vasgelê het, veral t.o.v. genesing, toe Hy vir die melaatse in Markus 1 gesê het: Ek WIL, word gereinig! Let op nog twee tekste wat God se WIL (bereidwilligheid) 29 Die Karakter van God beklemtoon t.o.v. van die mens en God se genade teenoor hom.

Miga 7:18… Hy het 'n welbehae in goedertierenheid. (Engels. He…delighteth in mercy). GOD WIL GRAAG Sy genade op ons uitstort, en wat is Sy genade? (Sien vooraf) 2 Kor. 16.9. want die Here – Sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is… Dis dus duidelik dat God nie net bereidwillig is nie, maar YWERIG is om diegene te seën wat aan Sy voorwaardes voldoen, soos bv. Om 'n onverdeelde hart op Hom te rig.

God sê in 1 Joh. 5:14 en 15 dat Hy vir ons sal verhoor as ons iets vra VOLGENS SY WIL. Soos ons reeds gesê het, en tekste daaroor aangehaal het, IS genesing van die liggaam, God se Wil vir die mens, en daarom kan ons weet dat as ons vra vir genesing ons dit sal ontvang, want dan vra ons VOLGENS SY WIL. (Moet tog nooit, wanneer jy vir genesing bid, sê: "As dit U Wil is nie." Dan wys jy jou onkunde oor wat God se Woord sê, en Sy Woord is Sy Wil, en jy bid in totale ongeloof). Genesing is 'n baie belangrike deel van God sê genade. Ons het vroeër gelees van Jesus en die melaatse, en daar staan dat Jesus "innig jammer vir hom gevoel het." Hier was die deernis en toe volg die genade. Jesus genees hom! Jesus het Sy krag gebruik om in hierdie man se behoefte te voorsien. Hou deurgaans in gedagte dat Jesus die karakter van Vader God baie duidelik weerspieël het, m.a.w. GENADE is 'n sterk karaktertrek van God, want dit was van Jesus Christus

In Matt. 14: 13 en 14 lees ons dat Jesus INNIG JAMMER gevoel het vir die skare en Hy het hulle siekes genees. Matt 20. 29 tot 34 vertel van die twee blindes van Jerigo wat uitgeroep het na Jesus toe Hy verbygegaan het, en ook daar was Jesus INNIG JAMMER vir hulle en het hulle oë aangeraak en hulle kon dadelik sien. Jesus het aan hulle gevra: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" (Waaroor wil julle hê moet Ek aan julle My genade bewys?) So was dit dwarsdeur Jesus se bediening. Sy genade was volop vir die siektes en Hy het hulle ALMAL genees, en onthou, God die Vader het presies dieselfde karaktertrekke van DEERNIS en GENADE. GOD SE GENADE IS VANDAG NOG DIESELFDE! Ons het gesê dat Jesus Christus eintlik die manifestasie van God die Vader is: as jy God wil

sien, kyk na Jesus. Ons weet dat Jesus Christus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God.
Heb. 2. 17: …Sodat Hy 'n BARMHARTIGE en getroue hoëpriester kon wees… Daar duur Sy GENADE, Sy GEWILLIGHEID om te genees, steeds voort – Hy is nie nou anders as toe Hy op die aarde was nie! (Sien ook 30 Heb. 4. 15) Hy het opgevaar na die hemel sodat dieselfde deernis en genade kon manifesteer d.m.v. Sy dissipels: die Kerk, en selfs nog op 'n baie groter skaal. (As jy in 'n kerk is waar dieselfde wonderwerke wat Jesus gedoen het, nie plaasvind nie, kan jy gerus na die volgende teks kyk en die vraag vra. "GLO hulle ooit in my kerk in Jesus Christus, want Hy het dan gesê dat die - gene wat in Hom glo die werke sal dien wat Hy doen?" Miskien moet hy die leierskap in jou kerk dan hierna vra, want êrens is iets glad nie pluis nie!)

Joh. 14: 12…wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, en hy sal groter doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. Jesus Christus kon as 'n mens net op een plek wees om deernis en genade uit te stort, maar vandag is Sy dissipels dwarsoor die wêreld en word baie meer deernis en genade deur hulle versprei, want nou lê hulle hande op die siektes en hulle word genees (Mark 16: 15 – 18) Joh. 16: 7…Dit is vir julle VOORDELIG dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie, maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; Hoekom sou Jesus dan gesê het dis VOORDELIG dat Hy weggaan en dat die ander Trooster, die Heilige Gees, na ons kan kom? Omdat die Heilige Gees al die gelowiges kan TROOS, kan VUL en deur hulle weer andere troos en God se deernis en genade manifesteer deur die liggame en lewens te genees en te herstel.
Heb. 13: 8: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Hierdie teks kan tog op geen ander wyse verklaar word nl. dat Jesus Christus (God) NOOIT verander nie, en dieselfde deernis en genade wat Hy getoon het toe Hy op aarde was, toon HY VANDAG nog. Die geld beslis ook op die gebied van genesing. Wanneer mense dus sê dat God nie meer vandag genees nie en dat dit net vir die stigtingsdae van die Kerk was, sê hulle eintlik dat dit net vir die stigtingsdae van die Kerk was, sê hulle eintlik dat God se GENADE nie meer vandag beskikbaar is nie! Hy het verander, en het minder deernis en genade vir die mens nou, as toe! Dis tog glad nie waar nie! Ons her dan nou net gelees dat Hy NOOIT VERANDER NIE! (Menslike leerstellings verdraai God se Woord en so ook God se karakter!)
Lees asb. Ps. 136. Jy sal vind dat dit frase: want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid 26 keer hier herhaal word (dit kom 44 keer in die Bybel voor). Waarom dink jy het God gesorg dat hierdie frase soveel kere herhaal word? Ek is seker omdat Hy dit by ons wou inskerp sodat ons NOOIT daaraan sou twyfel nie! Sodat ons SOU WEET en ONDERVIND dat SY GOEDERTIERENHEID TOT IN EWIGHEID IS, en nie verdwyn het kort na Jesus die aarde verlaat het nie!

Jy sal oor merk in Ps. 136 dat die psalmdigter die skeppings - 31 Die Karakter van God dade van God verbind met Sy ewige goedertierenheid. Waarom? Omdat God die aarde, die uitspansel, die heelal geskape het uit genade en liefde vir die mens! Hy het dit tog alles GOED gemaak en aan die mens toevertrou. Dink jy nie die mens is vir God heel besonders dat Hy hierdie wonderlike skepping aan hom gee nie!? Nog 'n belangrike aspek i.v.m. die deernis en genade van God is dat Hy verlang dat ons daaroor sal PRAAT: dit BELY MET ONS MOND. Kom ons kyk na 'n paar tekste in hierdie verband: Ps. 118: 1 tot 4: Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid! Laat Israel dan Sê dat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is! Laat die huis van Aaron dan Sê dat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is! Laat die wat die Here vrees, dan Sê dat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is!
Ps. 89: 1: Die goedertierenheid van die Here wil ek vir ewig BESING Ps. 101: 1 Ek wil SING

van goedertierenheid en reg: tot U eer wil ek psalmsing, O Here! 2 Kron. 5:13: …almal saam eenstemmig begin om die Here te PRYS en LOOF…: Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid! (Toe) is die huis van die Here, vervul met 'n wolk. 14: En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlikheid van die Here het die huis van God vervul. Hierdie voorval was met die inwyding van die tempel wat Salomo vir die Here gebou het. Toe hulle begin SING van God se goedertierenheid, het Sy heerlikheid op hulle neergedaal! Lees ook die interessante en bekende geskiedenis van koning Josafat se oorwinning oor die vyand bloot deur sy SANGERS sy leer te laat lei. En wat het hulle van gesing? Die goedertierenheid van God! (2 Kron. 20: 21 – 23)

Ten slotte noem ek net 'n paar Bybelse voorwaardes vir die ontvangs van God se deernis en genade in 'n mens se lewe.

1. 'n Hart onverdeeld op God gerig (2 Kron. 16: 9). As jy met een voet nog in die wêreld staan, is jou hart verdeeld, en sal jy nie God se genade ondervind nie.

2. Bewaar God se verbond en getuienisse (Ps. 25:10) Dit beteken dat jy aan God se Woord GEHOORSAAM moet wees, d.i. 'n DADER van Sy Woord wees, nie slegs 'n HOORDER nie.

3. Vrees God (Psl. 103: 11 en 17) Om God te vrees is om te haat wat sleg is (Spreuke 8:13). Om God te vrees is om Hom te respekteer – dis 'n hartsgesindheid, en nie uiterlike gewoontes nie. Baie mense dink hulle kan lewe soos hulle wil, maar wanneer hulle by die Kerk se deur instap, dan loop hulle op hulle tone, praat suutjies en bid glad met 'n ander stemtoon – dis hoe hulle dink hulle die Here moet vrees. Nee wat, die Here is altyd bewus van jou optredes: waar was die vrees van die Here dan toe jy net voor kerk jou vrou gevloek het, en Saterdagaand die wêreld gedien nie? Vrees van die Here is om Hom met 'n oorgegewe hart en lewe te dien, DAN sal Sy goedertierenheid van ewigheid tot ewigheid oor jou wees en oor jou kinders! Moet dus nooit weer twyfel aan God se DEERNIS en GENADE vir JOU nie – vandag en tot in ewigheid.

Liewe vriende,
Ons landlyn telefone is 'n werklike probleem. Wanneer ons kragonderbrekings het, lui ons landlyne glad nie. Wanneer hulle werk is die Telkom-kabels so beskadig dat ons niks kan hoor nie.

Ons het twee opsies vir jou om met ons te kommunikeer:

Jy kan jou geskrewe boodskap **WhatsApp** na: **0790672984**
Jy kan jou versoeke **e-pos** na: **stangerchristiancentre@gmail.com**

Ons sal die volgende dag tussen **07:00 en 08:00** vir elke versoek bid.Jy sal bevestiging kry dat ons jou boodskap ontvang het en ons bid.



Mag die Here jou ryklik seën.

Meg Van Zyl en Gebedspan

Skatkis

"Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2).

Paulus, wie baie geleerd was en onder die beroemde geleerde Gamaliel studeer het, het tot hierdie besef gekom. Alles wat van belang was, alles om te lewe en die dood te oorwin was vasgevang in hierdie sentrale waarheid. Dit is nie nodig om te probeer om slim klinkende preke of argumente te lewer nie, veral as dit die aandag op die self vestig nie.

Hy het gesien dat wanneer hy Jesus en die eenvoud van die evangelie oplig, hierdie waarhede lewens volkome verander. God reageer en word verheerlik. Dus, wat is die boodskap vir ons? Ons moet besef dat geen mag in ons is om harte en lewens te verander nie. Ons het nie oortuigende argumente nodig of selfs al die antwoorde te hê nie. Die mag is in Jesus en die boodskap dat Christus gesterf het, begrawe is en opgestaan het, sodat almal wat in Hom glo (hulle vertroue in Hom stel) gered sal word! God het dit op hierdie manier gedoen sodat die eenvoudigste mens tot die mees geleerde, almal op dieselfde basis gered word.

Laat ons hierdie wonderlike boodskap met blydskap en verwagting verkondig aan almal wat sal luister en tot verlossig sal kom.

Nota oor Donasies

Geliefdes,

Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.

Ons waardeer elkeen van julle

Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Hy het inniger gebid en was in soveel doodsangs in die gees, dat Sy sweet soos groot druppels bloed op die grond geval het (Luk. 22:44).

Triomfeer oor dit

Net voor Jesus gekruisig is, het Hy na die olyfboord, genaamd die Tuin van Getsemanie, gegaan. Dit het letterlik beteken "die plek van uitdrukking". Die enigste manier om die waardevolle olie uit die olywe te kry was om hulle te pers. Dit was hier dat Jesus onder soveel druk was dat Sy sweet soos druppels bloed op die grond geval het. Dit het gelei na Goeie Vrydag, toe Jesus aan die kruis gespyker is – ongelooflike druk. Die volgende dag, Saterdag, was Hy in die graf in geveg met die magte van duisternis – ingeperk. Daardie Sondagoggend het Hy egter triomfantelik uit daardie graf opgestaan. Die groot vyand van dood kon Hom nie hou nie en Hy leef en heers tot in ewigheid.

Een boodskap van die opstanding is dat God ons vyande gebruik om ons te seën. As jy nooit onder druk geplaas is nie, as jy nooit nodig gehad het om jou geloof in te span nie, volhou, baasraak en volhard sal jy nooit kan intap in die skatte wat God binne-in geplaas het nie. Bly in geloof, God sal nie druk toelaat as dit nie tot jou voordeel sal werk nie.

Laat ons saamstem:
"Vader dankie dat die wederopstanding van Jesus die bewys is van hoe U my vyande gebruik om my te seën. Dankie dat wanneer die druk na my kant toe kom en dit groter, sterker en kragtiger voel as wat ek kan hanteer, U dit vir my ten goede sal gebruik. Ek glo dat ek daaroor sal triomfeer. In Jesus se Naam. Amen."

Weereens wil ons elkeen van julle bedank vir julle ongelooflike ondersteuning en liefde. Ons bid God se ryklike seëninge oor julle lewens soos ons gedagtenis bring aan die ongelooflike prys wat Hy vir elkeen van ons betaal het en ons juig in Sy oorwinning.

Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan

BRING INTO REMEMBRANCE

An interesting word which is often overlooked is the word "Remember", in Hebrew Zakar, which means more than just bringing something to memory in a fleeting movement, like smelling someone baking a cake and instantly you "remember" your Grandmother's baking or hearing a song on the radio and you "remember" a birthday party you attended as a young teen! The thought vanishes and you continue on as usual. In the Bible when we see the word "remember" it is not a passive word but an action to be taken.
If we look at the Hebrew word for Faith: "emunah" in Habakkuk 2:4 "...the just shall live by his faith", it carries the idea of stability, steadfastness, constancy, and reliability. So Biblical faith is much more than an intellectual acknowledgement to the written word of God; instead, it is a stabile, steadfast trust in that word which produces actions. (James 2:17-24).
The Hebrew word *zakar* is almost always translated "remember" and is mentioned 250 times in the Bible and 95 percent of the time it has an action associated with it.
In Gen. 40:14 Joseph tells Pharaoh's chief butler "But remember me when it is well with you, and please show kindness to me; make mention of me to Pharaoh, and get me out of this house." Joseph is encouraging the butler to take physical action to help him get out of prison, by "remembering" and taking action "mention of me to Pharaoh" this shows us that *zakar* is both memory and action.

We see in scripture, *zakar* is sometimes used about God "remembering" His covenant with His people. We read in Exodus 2:24 of Israel's bondage in Egypt, "So God heard their groaning, and God remembered His covenant with Abraham, with Isaac, and with Jacob." God remembering His covenant leads to action, to free Israel from slavery.
If we look at the tassels (tzitziyot) that the Israelite men were commanded to wear on the corners of their garments (Num. 15:37-41) these were a form of remembrance. We read in Num. 15:38 -Again the LORD spoke to Moses, saying, "Speak to the children of Israel: Tell them to make tassels on the corners of their garments throughout their generations, and to put a blue thread in the tassels of the corners. And you shall have the tassel, that you may look upon it and remember all the commandments of the LORD and do them…" These represent the 613 biblical commandments, so the wearer would be continually reminded of God's word and commandments. This is the hem of His garment, which the women with the issue of blood for twelve years touched, when she reached out to Jesus and was healed.

We have the Feasts of the Lord which every Jewish male had to attend in Jerusalem, they are Passover (Pasach) Leviticus 23:4-5; Pentecost (Shavuot) Leviticus 23:15-22; Feast of Tabernacles (Sukkot) Leviticus 23:33-43, this was in order to bring into Remembrance their deliverance from slavery and bondage. God's commandments and God's provision and protection over His people as they were sojourners for 40 yrs in the desert. These Feasts were an important part of "Remembering", there was a participation of each person in celebrating these Feasts, bringing memory to action! It was a celebration not to satisfy the flesh but to Glorify God and all that He had done and was still doing!

Another illustration to this thought can be seen when you go to the old City of Jerusalem and see the steps going up to the Temple Mount. The pilgrim had to take care of how he walked, as the steps are different sizes and heights. One could not just walk aimlessly! You had to look, listen and understand where you were going and why you were going. It was part of preparing yourself to worship God. To come to Him in order to seek His face for salvation, cleansing if you had been sick, Thanksgiving, bringing your offerings and to wor-

ship alongside fellow believers.
This brings us to one of the most important Feasts in Scripture and the reason for this article. The Feast of Passover (Pasach) In Exodus 12:14, God says of the Passover celebration, "So this day shall be to you a memorial; and you shall keep it as a feast to the LORD throughout your generations. You shall keep it as a feast by an everlasting ordinance…" A memorial, is an act of remembrance. In each generation, Jews in celebrating the Passover think of themselves as having been personally brought out of Egypt. They relive, in a sense, the experience of their ancestors, and they trust in present and future deliverance. A quote by Dr. Alistair Stewart-Sykes says "...such is the nature of the remembering that not only does it enable the individual to feel as though he were a participant, but it ensures that the blessings appropriated in the events of history are made authentic for the present."

The Passover meal, (Seder) commemorates the Israelites deliverance from slavery in Egypt. God sent Moses to lead the Hebrews from Egypt to the Promised Land. Moses and Aaron went before Pharaoh nine times with nine plagues and were denied permission to take the Hebrews out of Egypt and slavery. Then the Lord introduced the tenth plague, which would result in every first born male child dying if there was no Blood on the doorpost. The Israelites had to slaughter a lamb without spot or blemish, drain the Blood and paint it on the doorpost and frames, then go into the house and eat the cooked lamb. That night the spirit of death would Passover the houses of both the Egyptians and the Israelites, any house that did not have the Blood of the Lamb on the doorpost the first born son died which included Pharaoh's son. Pharaoh let the children of Israel go! They were set free to go worship their God and move toward the Promised Land because of the Blood of the Lamb!

Likewise, Jesus ate the Passover with His disciples. Luke 22:7. Then came the Day of Unleavened Bread, when the Passover lamb must be killed. And He sent Peter and John, saying, "Go and prepare the Passover for us, that we may eat." So they said to Him, "Where do You want us to prepare?" And He said to them, "Behold, when you have entered the city, a man will meet you carrying a pitcher of water; follow him into the house which he enters. Then you shall say to the master of the house, 'The Teacher says to you, "Where is the guest room where I may eat the Passover with My disciples?" ' Then he will show you a large, furnished upper room; there make ready." So they went and found it just as He had said to them, and they prepared the Passover. When the hour had come, He sat down, and the twelve apostles with Him. Then He said to them, "With fervent desire I have desired to eat this Passover with you before I suffer; for I say to you, I will no longer eat of it until it is fulfilled in the kingdom of God." Then He took the cup, and gave thanks, and said, "Take this and divide it among yourselves; for I say to you, I will not drink of the fruit of the vine until the kingdom of God comes." And He took bread, gave thanks and broke it, and gave it to them, saying, "This is My body which is given for you; do this in remembrance of Me." Likewise He also took the cup after supper, saying, "This cup is the new covenant in My blood, **which is shed for you**.

The bread of the Lord's Supper is the Afikomen, it is the Matzah that is broken, hidden, found, bought for a price, and then eaten at the end of the Seder meal. If we look at a piece of Matzah you will see that it is bruised, pierced and has furrows down its length, this was prophesied by Isaiah about what the suffering servant of God would go through. (Isa 53)
Jesus instructs His disciples to participate in this Supper as a remembrance of His sacrifice as the perfect Passover Lamb. (Luke22:20)

This brings us to Paul's encouraging words to the Church in 1 Cor 11:23. For I received from the Lord that which I also delivered to you: that the Lord Jesus on the same night in which He was betrayed took bread; and when He had given thanks, He broke it and said, "Take, eat; this is My body which is broken for you; do this in remembrance of Me." In the same manner He also took the cup after supper, saying, "This cup is the new covenant in My blood. This do, as often as you drink *it,* in remembrance of Me." For as often as you eat this bread and drink this cup, you proclaim the Lord's death till He comes.
Here we see that Paul under the direction of the Holy Spirit receives directions about the Lord's Table and we are instructed that as often as we do this we need to remember (Zakar), what the Lord Jesus Christ did for us on the cross!

As we take the bread and drink the wine we don't do it as a ritual, but we Remember, think upon, that horrific crucifixion that Jesus endured on the cross for us!
Isa 53:3 He is despised and rejected by men, A Man of sorrows and acquainted with grief. And we hid, as it were, our faces from Him; He was despised, and we did not esteem Him. Surely He has borne our griefs And carried our sorrows; Yet we esteemed Him stricken, Smitten by God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities; The chastisement for our peace was upon Him, And by His stripes we are healed. All we like sheep have gone astray; We have turned, every one, to his own way; And the Lord has laid on Him the iniquity of us all. He was oppressed and He was afflicted, Yet He opened not His mouth; He was led as a lamb to the slaughter, And as a sheep before its shearers is silent, So He opened not His mouth.

This is what Jesus went through that we might be saved, set free, delivered from bondage and slavery of sin, He carried our sins in those wounds, He carried our grief and sorrows in His heart, our sins and iniquities were nailed to that cross, our rejections and hurts He took on Himself so that we could have Peace, spiritually, mentally and physical. Firstly we have Peace with God, secondly we have the Peace of God….Thank You Jesus!
Remembering isn't passive, it's an action that brings the power of Jesus into our lives, as we remember what He has done. It enables us to stop focusing on the impossibility and instead focus on the God who does the impossible!

We have seen that REMEMBERANCE in the Bible is much more than a mental exercise. Instead, it is a recognition that either leads to or results from an appropriate action. Let us remember God in our lives and in our worship, trusting that He will remember His great promises and bring us to a full understanding of His Word and His will.

I would like to recommend Dr van Zyls book **"The Lord's Table and Healing"** as it describes the crucifixion and the Lords Table not only in more detail but from a medical prospective as well

